**DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE**
**VERSLAG VAN DIE NASIONALE VOORSITTER AAN DIE 39 STE KONGRES**
**TE BUFFELSPOORT OP 17 OKTOBER 2015**

Meneer die President, mede Dagbestuurslede, Gebiedvoorsitters afgevaardigdes en SAWA vriende;
Dit is vir my 'n voorreg om verslag te doen oor die werksaamhede van SAWA vir die tydperk vanaf 13 September 2014 tot hede.

Vir my was die eerste jaar nogal 'n redelike ontnugtering. Dit was deels 'n groot leer proses en voete vind jaar. Selfs die Kongres het my slapelose nagte besorg. Maar wat het die jaar gebeur?

**Grondwetlike verpligtinge.**
Alle Dagbestuur vergaderings soos dit in die jaarprogram voorkom is gehou. Daar was ook 'n spesiale vergadering en 'n werksessie vir die Kongres. Die Dagbestuur was by al die vergaderings, behalwe 1, voltallig.
Die NUB het 4 keer vergader en by elke vergadering was alle Gebiede en die Dagbestuur teenwoordig. Elke vergadering, Dagbestuur en NUB, is gehou volgens die voorskrifte van SAWA. Volledige sakelyste en notules is tydens die vergaderings voorgehou. Finansiële state is tydens elke vergadering voorgehou en bespreek. Die begroting vir die jaar is ook deur die NUB goedgekeur. Alle gebiede het ook volledig verslag gedoen tydens die NUB vergaderings.
Die besluite register is deur die Nasionale Sekretaris vervat in Exel formaat wat dit baie maklik maak om enige voorigge besluit op te roep. Die register is ook op datum gebring.
Die Bate register is ook deur die Nasionale Ondervoorsitter op datum gehou.
Willem Gerber is deurlopend besig met die skryf van die Sawa geskiedenis.
Tussen die President, Dagbestuur en Gebied voorsitters is 'n groot aantal van ons streke en gebiede die afgelope jaar besoek.

**Ledetal en Streke**
Ons ledetal het die afgelope jaar weer gedaal. Dit is verblydend om te sien dat daar gereeld nuwe aansluitings is maar dat die bedankings en nie hernuwings nog steeds die aansluitings oorskry met 39. Die afgelope jaar moes ons ongelukkig die satelliet Kaapzicht ontbind maar ons is bly dat Streek Oosrand weer as volwaardige streek funksioneer en die jaar hul regmatige plek as streek by die Kongres inneem. Huidig bestaan Sawa uit 37 streke en 2 satelliete.

**Finansies**
Die finansies van Sawa is goed onder beheer en word fyn bestuur deur die Nasionale Penningmeester en die Administratiewe Beampte. Verslae word na elke maandeinde na al die Dagbestuur gestuur vir goedkeuring tydens die volgende Dagbestuur of NUB vergadering. Soos in die verlede kom die meeste van die Sawa fondse van ledegeld, die Presidente saamtrek en die twee Kaapse gebiede se bydra in die verband. Soos U in die state kon sien was die meeste van die uitgawes wel binne begroting en net by uitsondering is die begroting oorskry. Daarvoor kan egter redes voor aangevoer word. Ek dank alle partye wat dit moontlik kon maak.

**Borge en SAWA vennote.**
Ons is baie dankbaar teenoor ons borge wat dit vir ons moontlik maak om by geleenthede iets spesiaal vir ons lede te bied
Sawa het ook die geleentheid gekry om ’n advertensie in die Wegsleep te plaas inruil vir advertensie op ons webblad en drukmedia.
Ons bedank ook Jurgens Ci vir die borgskap van die Sawanant en Sawa vrou van die jaar.

**Media en kommunikasie (Nuusbriewe en webwerf)**
Streek nuusbriewe, die Sawanant en die Webwerf vorm ’n baie belangrike deel van Sawa se opset. Soos U in die web verslag gehoor het, was die Webwerf weens verskillende faktore van die lug af. Dit het die NUB genoodsaak om die Webmeester toestemming te gee om ’n nuwe webwerf te ontwikkel. Soos U gehoor is die nuwe web blad tans in wording. Ander media wat in gebruik is, is Facebook wat goed funksioneer en al hoe meer streke maak van "WhatsAap" groepe gebruik. Dit verseker direkte bekostigbare kommunikasie.

**Wat hou die toekoms vir ons in?**
Ons het vandag baie gehoor waarmee ons besig was gedurende die jaar. Ek dink dit is egter ook belangrik dat ons vorentoe kyk. My gevoel is dat daar ’n paar aspekte is wat die komende jaar aandag kan geniet. Gedurende die afgelope jaar is ’n paar van die sake onder my aandag gebring. Soos U in die finansiële state gesien het, is die Kongres jaarliks ons grootste uitgawe. Dit plaas ook groot druk op ons streke en lede. As ons kyk na die besluite wat vandag hier geneem is, kan die vraag gevra word - is dit nie tyd dat ons ondersoek instel om dalk elke tweede jaar kongres te hou nie? Nog ’n versoek wat ons van die streke ontvang het en wat ek self beleef het die afgelope jaar is die Kworum by die AJV van ’n streek. Daar word ook al hoe meer vrae gevra oor grote (lede) van streke en satelliete en daarmee saam die verteenwoordiging by die Kongres. Daar is ook ’n gevoel dat daar gekyk moet word na die diens tydperk van die Gebied voorsitters wat in sommige gevalle eers vier maande na verkiesing die voorsitterstoel in neem.
Maar dit is alles waarmee besture hulself kan besig hou. Wat van die Sawanant wat net wil kamp. Ek sal wil sien dat in hierdie jaar ons as Sawa onsself in die kamp omgewing sal geniet. Soos ek reeds genoem het, was die jaar vir my persoonlik nogal ’n groot uitdaging en aanpassing maar kon ek baie situasies beleef. Vergun my dus om ’n paar van my waarnemings met U te deel. Sawa is ’n unieke organisasie en kan nie vergelyk met enige ander buitelug groep nie. Sawa het ook dan so besonderse uitdagings om te bowe te kom. Ons het reeds op die vergadering verneem van die finansiële posisie waarin ons lede hul bevind, dat oorde duurder raak, brandstof en tolhekke ’n impak het en dan dat die besteebare fondse wat ons lede tot hul beskikking het vir kamp is nie altyd genoegsaam om die kamplewe na behore kan geniet nie. Dit is alles faktore wat vir Sawa ’n bedreiging van buite is. Maar wat my meer bekommer is die bedreiging van binne. Gedurende my eerste jaar moes ek by ’n paar geleenthede betrokke raak waar lede so van mekaar verskil dat dit die betrokke streek se werksaamhede versteur. Die onvergewensgesindheid van sommige lede maak dan ook dat die verskille nie opgelos word en loop in meeste gevalle uit op ’n paar bedankings en oorplasings. Dit is ook asof ons as lede eerder konfrontasie as nuuswaardig beskou en nie veel gepla is oor goeie nuus nie. ’n

Voorbeeld hiervan was juis duidelik sigbaar toe 'n lid sy ongelukkigheid bekend gemaak het op die Sawa Facebook-blad. Binne 'n kort tydjie was daar vele kommentaar en opinies oor die saak. Die betrokke persoon het weer 'n plasing gedoen en genoem dat die probleme opgelos is. Vir daardie positiewe plasing was daar net een kommentaar. Is dit die tipe Sawa wat ons is? Ek is van nog 'n hele paar onopgeloste meningsverskille binne Sawa op alle vlakke van Sawa bewus en ek wil graag 'n beroep doen op elke lid en hierby sluit ek myself en ons as besture in om te werk om geskille tussen ons op te los, mekaar te respekteer en te verdra. In baie gevalle dra dit ook by dat die beeld van Sawa wat ons na buite uitdra nie altyd na wense is nie. Ons is nie almal dieselfde nie en dink nie dieselfde nie. Kom ons kyk of ons elkeen 'n positiewe bydra kan maak om Sawa sterk te maak van binne om so meer die uitdagings van buite te trotseer. Kom ons konsentreer op dit waarvoor ons almal tog hier is,

**om as Christene saam met ons Sawa familie ons kamplewe uit te leef.**

Bedankings en Afsluiting

Vergun my asseblief om 'n paar bedankings te doen. Eerstens aan ons President, Nico Spaumer. Nico, baie dankie vir al jou raad, advies en leiding wat jy vir my gegee het. My mede Dagbestuurslede, al het ons baie verskil, dankie vir jul verdraagsaamheid. Ons het waarskynlik die meeste van die jaar geneem om mekaar te verstaan maar ons het darem gedoen dit wat van ons gevra was. Ek wil ook baie dankie sê vir die gades van die Dagbestuur. Hulle moet altyd reg staan met eetgoed en onthaal as ons dit nodig het en ook hulle lewens inrig soos Sawa ons nodig het. Juliana wat die kantoor vir ons bestuur en al die admin wat sy hanteer tussen al die rekenaar probleme en lede wat ook altyd aandag verg. Ek en so ook Sawa waardeer wat jy vir ons doen. Vir al die Sawa vriende wat my gereeld ondersteun, help en bystaan, sê ek baie dankie. So ook vir Alet, my vrou, wat my altyd bystaan en ondersteun en dan weet ons dat ons is tot niks in staat is sonder die genade van ons Here Jesus Christus nie en aan Hom kom al die eer toe.

Ek dank U

Jannie Meyer
Nasionale voorsitter 2015